

Kandidate het oor die algemeen redelik goed in die multi-keusevrae (Vraag 1) gevaar. By sommige sentrums is die vrae oor Anorganiese Chemie en Organiese Chemie swak beantwoord. Dis duidelik dat daar nie genoeg tyd in die matriek jaar oor is om hersiening van die Gr. 11 sillabus te doen nie. Ook word die afdeling oor Organiese Chemie soms tot die einde van die akademiese jaar gelos en word dan nie deeglik gedoen nie.

**VRAAG 1**

Redelik goed by alle sentrums beantwoord.

**VRAAG 2**

Hierdie vraag is swak beantwoord. Kandidate vind omskakelings moeilik. Baie kandidate het nie die vraag verstaan nie en die gevraagde eenhede verkeerd gahad. Kandidate het foute gemaak met die berekenig van antwoorde wat aandui dat dit nodig is om tyd te neem om leerders te leer om sakrekenaars behoorlik te gebruik. Kandidate het ook vergeet om die afleiding te maak dat lesing 3 foutief is.

Berekeninge m.b.t. konsentrasie, mol en molekulêre massa behoort meer aandag te kry.

**VRAAG 3**

Oor die algemeen swak beantwoord. Kandidate ken nie die konsep van digtheid nie, gebruik dubbelpyltjies vir die half-reaksies en laat ion-ladings uit.

**VRAAG 4**

Algemeen swak beantwoord. Die kleure van ione en gasse het baie probleme veroorsaak. Eenvormigheid en leiding behoort aan opvoeders gegee te word. In baie gevalle het kandidate die oksidasie/reduksie half-reaksie waarin 'n stof voorkom, i.p.v. slegs die verlangde formule, gegee.

**VRAAG 5**

Oor die algemeen goed beantwoord.

**VRAAG 6**

Redelik goed beantwoord. Kandidate het egter gesukkel om Le Chatelier se Beginsel te formuleer –wat op 'n gebrek aan begrip van die beginsel mag dui.

#### VRAAG 7

Oor die algemeen swak beantwoord. Baie kandidate het nie die definisie van verdunde suur geken nie. Dis kommerwekkend aangesien die konsepte van sure en basisse sterk afhang van die konsentrasie van die  $H^+$ -ioon konsentrasie. Die berekening in 7.2.3 en 7.2.4 was oor die algemeen swak gedoen. Kandidate het verkeerde formules gebruik en die substitusies is foutief gedoen, wat dui op konseptuele misverstande.

#### VRAAG 8

Oor die algemeen goed beantwoord.

Ladings is uitgelaat en dubbelpyltjies is in half-reaksies gebruik.

#### VRAAG 9

Swak beantwoord. Meer tyd behoort aan Organiese Chemie bestee te word. Kandidate het moeilikheid ondervind met die basiese benoeming van samestellings en basiese strukturele formules.